

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

## Redaksioneel

# Van voorneme

Is dit u voorneme om

- deur die genade van God in die volkome leer van die saligheid tot aan die einde van u lewe standvastig te volhard?
- die verbondsgemeenskap met God te onderhou, Hom van harte lief te hê en in gehoorsaamheid aan sy Woord te dien?
- van die wêreld en sy begeerlikheid af te sien?
- u lewe en saligheid buite uself in Christus te soek?

Hierdie voorneme word voor die aangesig van God en in die midde van die kerkgemeenskap uitgespreek wanneer 'n gedoopte lidmaat wat deeglik in die leer van die kerk onderrig en daarvoor ondervra is, openlik sy geloof bely. Met dié voorneme onderneem die jong belyer om sy belydenis met 'n godvresende lewe te bevestig.

Die voorneme waarvan hier sprake is, is besonder omvattend. Dit is een voorneme met 'n ryk geskakeerde inhoud. Die een voorneme het betrekking op volharding in die leer en 'n Godvresende lewe. Dit is ooglopend anders as die nuwejaarsvoornemens wat mense dikwels maak. Nuwejaarsvoornemens is meestal van korte duur. Dit

word menigmaal in 'n oomblik van opwelling uitgespreek, en verdwyn daarom in 'n dikwels net so vlugtige oogwink – soos mis voor die son. Nuwejaarsvoornemens van mense word gevolglik deurgaans met 'n knippie sout geneem. Na die tweede week in die nuwe jaar is daar van die voorneme weinig oor.

Dit word anders as die voorneme aan die begin van die nuwe jaar 'n bevestiging is van dit wat by openbare belydenis van geloof voor die aangesig van God voorgeneem is. Vir party van ons lê die datum van aflegging van geloofsbellydenis al baie jare in die verskiet. Ander het nou die dag nog voor die kansel gestaan, of staan op die punt om die gewigtige 'ja' voor God en sy gemeente uit te spreek. Ongeag wanneer die belydenis en voorneme uitgespreek is: dit volg 'n mens dwarsdeur jou lewe. Die eggo daarvan is 'n nimmereindigende weerklank.

Daarom is dit belangrik om elke nou en dan die inhoud, krag en waarde van die belydenis rustig te oordink en opnuut jou eie te maak. Dit gebeur seer sekerlik wanneer jong broeders en susters belydenis van geloof aflê. Vir enige gemeente wat met haar diens aan die Here erns maak, is dit 'n groot oomblik wanneer daar aan afgeronde katkisante geleentheid gegee word om hulle geloof in God

in die openbaar te bely. Die 'ja' van die jong belyers herinner elke teenwoordige getuie noodwendig aan sy en haar eie 'ja'.

Waar 'n nuwe jaar begin het, is dit eweneens gepas en goed om die voorneme voor die kansel te oorweeg en te bevestig. Nuwejaarsvoornemens wat rus in die belydenisvoorneme is blywende voornemens.

In die lig hiervan sal daar hierdie jaar ooreenkomstig ons gedeelde geloofsvoorneme hard gewerk moet word om:

- die volkome leer van die saligheid, soos wat ons dit in die Ou en Nuwe Testament ontvang het en in die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke uitdruk, te ondersoek, daarin te groei en dit onvervals te verkondig;
- die verbondsgemeenskap met God hoog te hou en uit te bou – in die persoonlike lewe, maar ook in die kerk, die gemeenskap van heiliges;
- die Here daadwerklik van harte lief te hê deur sy Woord na te vors en Hom in gehoorsaamheid aan sy Woord te dien;
- van die wêreld en sy begeerlikheid – soos materialisme, ligsinnige vermaak en lae moraliteit – af te sien en dit teen te staan;

## INHOUD

- |   |   |   |
|---|---|---|
| 1 Redaksioneel<br><b>Van voorneme</b>   | 4 Kerkerf<br><b>Die nuwe Psalmomdigting</b><br><i>Ds HLJ Momberg</i>      | 9 Koninkryk<br><b>Geskiedenisles</b><br><i>Dr JG Meijer</i>                       |
| 2 Skrifoorndenking<br><b>God roep ons tot getroue diens in die jaar 2007</b><br><i>Dr JH Howell</i> | 7 Fokus<br><b>Na bange tyd van somerdroogte?</b><br><i>Dr AH Bogaards</i> | 10 Persskou<br><b>Mis-daad is misdaad Aartappel-geloof</b><br><i>Dr GJ Meijer</i> |

- die lewe en saligheid met die daad buite die mens in Christus te soek deur nie op mense en menslike vermoëns te roem nie, nie op menslike planne staat te maak nie, nie blindelings agter menslike leiers aan te loop nie (ook al het jy hoe 'n

hoë dunk van iemand), maar in alles na die Woord van Christus te vra, alles daaraan te toets en alleen die Skrif op die voet na te volg.

Met die laaste uitgawe van verlede jaar het ons ons lesers 'n Godgegewe 'welteruste' toegewens. Met hierdie

eerste uitgawe van die nuwe jaar wens ons elkeen 'n geseënde tyd van dienswerk toe. Die hef aan lê beslis nie voor nie; dit het al klaar begin. Mag u voorneme vir 2007 uit God en op God gerig wees.

GJM

## Skrifoordenking

Dr JH Howell, Heidelberg

# God roep ons tot getroue diens in die jaar 2007

## Lees: Efesiërs 6:10-23

***Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duivel.***

Is die jaar 2007 maar net nog 'n jaar wat vir elkeen van ons voorlê? Nog 'n jaar wat maar gaan verbysnel en waarvan ons die dae een vir een op die kalender gaan aftik?

Daar is mense wat hierdie jaar met swaar harte tegemoet gaan. Hulle is glad nie lus vir wat voorlê nie. Dit, omdat hulle nie werklik kans sien vir die toekoms nie.

Maar ons? Ons wat glo? Hoe behoort ons hierdie jaar tegemoet te gaan? Wat behoort ons te dryf? Al word ons ook soms moedeloos en al loop ons ook soms met vrae in ons harte rond? Daar is maar een antwoord – dit is roeping. As gelowige behoort ek roepingsbewus en daarom met afwagting en verwagting die jaar 2007 binne te gaan. Nog 'n jaar met geleenthede waarin ek in diens van God in sy koninkryk werksaam kan wees.

## God gee die krag om aan Hom getrou te bly

Die 1933-vertaling sê: Word kragtig in die Here. Volgens die 1983-vertaling is dit: Soek julle krag in die Here. Onmiddellik word ons aandag op die Bron van alle krag gevestig. Op die Here Self.

Die brief aan die Efesiërs is 'n 'behoort'-brief. Hierdie brief moes destyds aan al die christene in die gemeentes van Klein-Asië gelees

word. Die kerk van die Here in sy geheel moes hoor. Ook vandag moet die kerk van die Here hoor: 'Julle behoort aan die Here'. Ons lees aan die begin van hierdie brief van ons verkiesing tot kinders van God. God wat besluit om ons uit genade sy kinders te maak. Ja, ons behoort aan Hom. Hy is ons Hoof. Hy is die Koning van sy kerk. Dan lees ons verder dat ons juis daarom 'n taak en 'n roeping in hierdie wêreld het. Ons is deel van die kerk van die Here. Ons behoort aan Hom. Juis daarom moet ons vir Hom lewe!

Nou moet ons goed besef dat die meeste christene aan wie hierdie brief gerig was, maar pas tot geloof gekom het. Voorheen was hulle heidene wat God en sy gebod nie geken het nie. Om nou hulle geloof tussen hulle ou vriende wat nog heidene was uit te leef, was vir hulle baie moeilik. Dit het opoffering en andersheid van hulle gevra. Onthou: hulle was verreweg in die minderheid. Hulle was maar 'n klein handjievol mense teen die groot oormag ongelowiges. Hulle vriende van baie jare het ook die rug op hulle gedraai omdat hulle nie meer soos voorheen gelewe het nie. Die heidene het maar voortgegaan met hul ou leefwyse – op pad na die ewige verderf. Die wat tot geloof gekom het, se lewens het radikaal verander. Hulle het uitgestaan. Hulle het nie meer ingepas by die res van die samelewing nie.

Daarom skryf Paulus hierdie brief, onder leiding van die Heilige Gees, aan hulle. Julle moet aan julle uitverkieping vashou. Uit genade is julle gered! Julle moet onthou dat Christus vir julle sondes aan die kruis betaal het. Julle is bevoorregte

uitverkorenes. Daarom moet julle getrou aan die Here lewe.

Hoe was dit moontlik om getrou te bly? Hulle het soms so moedeloos geword. Die heidene rondom hulle het gedink hulle is altyd stroom-op. Daarom was hulle ongewild en het die heidene hulle beskinder en valslik van dinge beskuldig. Hoe sou hulle in die geloof kon bly volhard?

Die antwoord: soek julle krag in die Here en in sy groot mag! Waar gaan ons ons geestelike krag vandaan kry om ons roeping uit te lewe? Hoe sal ons dit regkry om vir die Here te kan lewe? Regkry om sy eer op elke terrein en gebied te soek? Soek julle krag in die Here!

Die Here gee ons die krag om Hom te kan navolg. Hyself gee aan ons die vermoë om vir Hom te kan lewe. Ons weet: Jesus Christus het aarde toe gekom! Hy het die dood, die straf op die sonde, oorwin. Daarmee het Hy vir elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe verwerf. Hy het ons verlos van die mag van die Satan. Al kom daar beproewinge uit sy hand op ons pad, al is die lewenspad nie maar maanskyn en rose nie, tog bewaar en beskerm Hy ons en gee aan ons die nodige krag.

Soek julle krag in die Here! Sy krag stel ons in staat om te kan verander waar die sonde nog aan ons vaskleef. Sy krag stel ons ook in staat om die goeie te kan behou; om aan te hou met die dinge wat reg is; sterk gemaak deur sy Woord en Heilige Gees. So verander Hy ons om al meer na sy wil te lewe. Hy gee aan ons die krag om vas te hou aan die dinge waarin ons vas glo.

## By Hom alleen kan en moet ons ons krag vind

Ons hoor hier van twee sake: van die krag van die Here, maar ook dat ons kragtig moet word in die Here, dat ons ons krag by Hom moet soek. Aan die een kant hoor ons van God se werk en aan die ander kant van die mens se verantwoordelikheid.

Sommige mense sê: 'Ek glo mos in die Here. Ek het vir Hom gekies en daarom lewe ek vir Hom'. Nee! In jouself en in jou eie krag kan jy nie kies om vir Hom te lewe nie. Die Here buig jou om en bring jou daartoe om vir Hom te wil lewe. Soek jou krag nie in jouself nie, maar in die Here. Nêrens anders nie!

Alle godsdienste wat die enige ware God en sy Seun Jesus Christus nie erken nie, is maaksels van die duiwel. Almal wat Christus nie as enigste Verlosser en Saligmaker erken nie, al besef hulle dit nie eers nie, is navolgers van die duiwel. Die duiwel maak slawe van sy navolgers – vreesbevange, troostelose, reddelose slawe, gedurig op soek. 'n Vrugtelose gesoek na geluk en na afleiding. Só probeer hulle om hulle eie magteloosheid en nietigheid weg te steek. 'n Soektog wat hulle uiteindelik by die besef bring dat hulle in hulself swak en kragteloos is.

Teenoor hulle staan die kinders van die Here. Hulle soek ook! Maar hulle word kragtig. Kragtig in die Here; krag wat hulle nie in hulself het nie. Hulle glo, hulle het deel aan God se genade, daarom soek hulle. Omdat God hulle uitverkies het, soek hulle die koninkryk van God. Hulle dra vrugte wat by die bekering pas en kom daarin hulle roeping na. Hulle leef vir die Here.

Jesus Christus is die Koning van die gelowiges. Hy het ons duur gekoop met sy bloed. Daarom moet ons sterk word, maar eers swak word. Swak word in onself. Klein word in onself. Ons afhanklikheid van Hom besef. Ons kan nie, maar God kan. Daarom word ons kragtig, sterk in die Here.

Die gelowiges het destyds gesien hoedat die Here hulle sterk gemaak het. Hy het hulle in staat gestel om 'n totaal nuwe lewensrigting in te slaan, weg van al die ou heidense gewoontes. Nie meer burgers van die

ryk van Satan nie, maar burgers van die koninkryk van God. Navolgers van die Here. Só het die Here hulle deur sy krag verander, het Hy hulle laat volhard, laat vasstaan in die geloof. Hy is in staat om veel meer te doen as wat ons kan bid of dink. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Hy alleen kan ons in die geloof laat volhard!

Ons het egter steeds 'n verantwoordelikheid. Ons moet aantrek. God gee alles. Hy gee die geloof in ons harte. Hy maak ons harte ontvanklik vir die Woord. Maar ons moet aantrek – aantrek vir die stryd. Niks van die wapentuig weglaat wat God vir ons gee nie. Hy gee aan ons die volle wapenrusting.

Dit is duidelik dat hier van oorlog gepraat word. Van die stryd tussen geloof en ongeloof. Hierdie stryd gaan al groter word. Die sogenaamde christelike Suid-Afrika se witgepleisterde grafstene word al meer afgeruk, sodat 'n mens die wit doodsbendende kan raaksien. Vir baie mense is pornografie, laster, vuil taal en geweld al hoe meer aanvaarbaar. Is dit egter tekens van christelikheid? Noudat lotery en dobbelary deur die regering van die dag gewettig is, mag christene ook maar daaraan deelneem? So kan ons maar aangaan. Die doodsbendende is nie meer toegemaak nie. Gaan ons met hierdie dinge saam of nie?

Die stryd gaan al hoe hewiger word. Ook in die jaar 2007. Ons gaan baie krag nodig hê; krag om staande te kan bly. Die Here se krag nodig hê. Daarom: Word kragtig in die Here!

Die duiwel gaan probeer om alles en almal saam met hom na die ewige hel saam te trek. Dit is sy doel op aarde. Hy wil verwoes en skade doen. Hy ken geen reëls nie. Hy gebruik en misbruik alles moontlik om sy doel te bereik. Daarby is hy slinks en skelm, agteraf en bedrieglik. Hy ontsien niks en niemand nie. Hy gee selfs voor dat hy 'n engel van die lig is. Hy deurspek die leuen met die waarheid sodat die leuen aanvaarbaar lyk. Hy verdraai die Bybel om sy eie idees te verkondig. Hy gee voor dat 'n mens deur die verkeerde te doen, die goeie kan bereik. 'n Magtige vyand. In eie krag kan ons niks teen hom vermag nie.

Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die wapenrusting aan wat God gee! Trek aan om dit

te gebruik. 'n Oorlog kan tog nie gewen word as die soldate nie hulle gevegstoerusting gebruik nie. As soldate nie hulle wapens gebruik nie, sal die vyand hulle oorrampel.

Ons is oorwinnaars! Christus het reeds die oorwinning behaal. Dit is waar. Die oorwinning staan vas. Maar die duiwel het nog nie die doodsteek ontvang nie. Daarom mag ons nooit vergeet dat die stryd nog baie hewiger en feller gaan woed nie. Die gewonde Satan storm nou rond soos 'n brullende leeu en probeer in sy doodstuiptrekkings om skade te doen so ver as wat hy gaan.

Ons is nou, teen wil en dank, in 'n geveg tot die dood toe betrokke. Vir hierdie geveg het ons die krag van die Here nodig. By Hom moet ons die krag soek, anders sal ons die stryd verloor. Hoe weet ons dan dat ons ons krag by die Here gekry het? Wanneer ons daardie krag in die geloofstryd gebruik. Geen gelowige kan in hierdie stryd sê: Ek het afgetree nie. Niemand kan sê: Ek het my deel gedoen, nou is dit die ander se beurt om oor te neem nie. Die terrein waarop die stryd geveg word, kan wel verander. Die stryd self woed egter voort – tot op die laaste dag, tot op die dag van die wederkoms van ons Here Jesus Christus of in my lewe tot op die dag dat die Here my kom haal.

Hoe kan ons getrou bly in hierdie stryd?

## Alleen as ons ons krag by God vind, kan ons getrou bly

As ek die volle wapenrusting van God aantrek, sal ek getrou bly, sal ek staande bly. As ek my krag op die regte plek kry, by die Here wat in en deur sy Woord tot ons kom, sal ek op my pos bly. Waar is my pos dan? Wat is nou eintlik my roeping? My roeping is daar waar die Here my elke dag gebruik.

Trek daarom die volle wapenrusting aan! Soos 'n soldaat vooraf seker maak dat al sy toerusting reg is voordat hy die geveg binnegaan, moet ons onself goed ondersoek. Ons het die volle wapenrusting vir hierdie geveg nodig. Het ek alles aangetrek? 'n Soldaat wat sekere dele van sy wapenrusting agterlaat, gaan probleme kry. Die Satan sal gou agterkom waar sy swak plekke is. Dan slaan hy vinnig en hard en genadeloos

toe. Moenie dink dat hy ooit 'n geleentheid laat verbygaan om skade te doen nie.

Wat is die wapenrusting wat ons moet aantrek? Ons lees daarvan in verse 14-17. My eie vermoëns en eie kragte? Nee. God se wapenrusting. Dit wat God gee. Hy alleen kan my die oorwinning laat behaal. As ek in eie krag probeer veg, voer ek 'n verlore stryd. In myself is ek lafhartig en tot niks goeds in staat nie. Soek jou krag in die Here en in sy groot mag. Hy gee aan ons alles wat ons nodig het vir die stryd. Hy gee die wapenrusting. Ons moet daardie wapenrusting aantrek, dit gebruik.

Kyk op! Kyk na God! Vind jou krag by Hom! 'n Soldaat kan bolangs al die regte wapenrusting aantrek. As die

geveg uitbreek, is dit gou duidelik met watter hartsgesindheid hy veg. Vind ek my krag by die Here? Dan sal ek ook in 2007 die goeie stryd end-uit bly stry.

As ek my krag by die Here vind, as ek seker is dat Jesus Christus my Redder en Verlosser is, sal ek my roeping getrou aan Hom kan uitlewe. Dan staan ek nie soos 'n standbeeld, van binne kliphard en koud en dood, op my pos nie. Nee, dan is ek op my pos – lewend, vegtend, getrou en standvastig besig met die taak en opdrag, die roeping wat God aan my, sy kind, opgedra het.

## Slot

Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Dit is die oproep wat in ons ore moet weerklink wanneer ons die jaar 2007 tegemoet gaan.

Die oproep mag nie in ons ore alleen klink nie. Die oproep moet ook in ons dae weerklink vind. In die Here se krag, met krag en met ywer gaan ons die jaar wat voorlê tegemoet – bewus van my eie onvermoë en tekortkominge. Juis daarom soek ek my krag in die Here en in sy groot mag. Juis dan gaan ek die toekoms met sekerheid tegemoet. Ek weet immers die finale oorwinning staan vas, want Christus het die oorwinning behaal. En ons wat aan Hom behoort? Ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat aan ons die krag gee.

Kerkerf

Ds HJ Momberg, Pretoria – Die Kandelaar

# Die nuwe Psalmomdigting

*Reaksie op prof HF van Rooy se artikel oor die 2001-Psalmomdigting soos vervat in Hervormde Teologiese Studies onder die titel: Die nuwe Psalmomdigting: die Messias weggelaat?*<sup>1</sup>

Aangesien die betrokke artikel veral kritiek lewer en verweer gee teen artikels en akademiese toesprake wat in hierdie tydskrif gepubliseer is, is dit billik dat 'n antwoord in ons tydskrif gegee word.

Van Rooy haal verskillende persone se standpunte aan uit publikasies waarin oorsigtelik die geaardheid van die besware teen die 2001-Omdigting geskets word, spesifiek betreffende die Ontmessianisering van die Psalms.

## Die beswaar nader omlin

'n Deeglike bestudering van die artikels en akademiese toesprake wat die afgelope jare in verband met die Psalmomdigting in ons blad verskyn het, laat blyk dat die beswaar nie so eenvoudig en ongekwalifiseerd is nie. Dit gaan nie daaroor, soos Van Rooy dit verwoord, dat die Messias weggelaat is nie, maar dat baie van die ryk data van die grondteks deur die inkortende manier van omdigting verlore gegaan het. Daarna is van die verlore data in groepe ingedeel, waaronder die wraak van God, die verbond van

God, die Wet van God, en wat as die ergste bestempel word – data waarin die Messiaanse verkondiging opgesluit lê. Hiervolgens kom daar dan meerdere teologiese probleme aan die orde; probleme wat die volheid en die gesag van die Skrif raak. Daaruit voortspruitend: probleme wat regstreeks verskeie aanverwante leerstellige sake in gedrang bring. Wat hierby aansluit is openbare uitsprake wat van die omdigters self by nabaat in die openbare pers en elders gemaak het, om te verduidelik hoe dit gekom het dat gegewens van die bronteks waarin Messiaanse verkondiging opgesluit lê verlore gegaan het, of op sommige ander plekke só omdig is dat die Messiaanse lyn nie meer daarin sigbaar is nie. Die mees uitgesproke stelling wat in die verband verskyn het, was dat die omdigter die Messiaanse verkondiging op grond van die jongste navorsing daaruit verwyder het. Hierdie openbare verduidelikings, gesien in die konteks van ander aanverwante gesprekke en verklarings, het tot die meer ernstige besware aanleiding gegee dat daar 'n vreemde teologie aan die omdigting onderliggend is.

Van Rooy gee as sy eie verduideliking hiervan 'n oorsig uit enkele fragmente van die kerkgeskiedenis, met verwysing na sekere prominente teoloë. Hy toon aan dat soortgelyke klagtes teen die Ontmessianisering van die Psalms reeds in die geskiedenis voorgekom het. In antwoord op die betrokke klagte het hoofsaaklik twee gedagterigtings uitgekristalliseer, naamlik die gedagterigting dat die Psalms direkte Messiaanse verkondiging sou wees, of die ander gedagte dat die Psalms indirekte Messiaanse verkondiging is. Die gedagterigting van die vertaler/omdigter sal bepaal op watter wyse hy/sy die gedeeltes met Messiaanse strekking weergee. Daarna toon hy, met verwysing na sekere wetenskaplikes, die mees aanvaarbare gedagte in die jongste tye aan, naamlik dat die Skrifgedeeltes met beweerde Messiaanse strekking binne die oorspronklike kontekste van die Ou Testament waarbinne dit geskryf en ontvang is, nie 'n Messiaanse strekking gehad het nie. Oorspronklik

1. Van Rooy, HF. 2004. Die nuwe Psalmomdigting: Die Messias weggelaat? *Hervormde Teologiese Studies* 60 (3):755-767.

het dit op heeltemal ander persone of gebeurtenisse geslaan. Eers in die Nuwe-Testamentiese tyd het Jesus en die Nuwe-Testamentiese skrywers daardie tekste op Christus toegepas. In laasgenoemde sin word dan saam met Kaiser (1995) en andere gekies vir die uitgangspunt dat die Psalms indirek van Christus getuig. In die laaste paragraaf, voordat hy die konklusie van sy besinning maak, skryf Van Rooy: 'Deur die Psalms nie as direk-Messiaans te verstaan nie, trek die Nuwe Omdigting nie 'n streep deur die moontlikheid om die lyn na Christus toe te volg nie, maar hy begin met wat die Psalm in die oorspronklike konteks wou sê'.

Daarom maak hy ook die soortgelyke opmerking in sy konklusie: 'Die beswaar dat die Nuwe Omdigting die Messias (of vir Christus) uit die Psalms weggelaat het, is egter nie geldig nie'.

## Enkele probleme met hierdie artikel

- Teenoor die beswaar dat die 2001-Omdigting op sekere plekke die bronteks van die Psalms Ontmessianiseer het, deur dit wat in die Hebreeus staan nie volledig genoeg of waarheidsgetrou in die omdigting weer te gee nie, verdedig Van Rooy die omdigting met 'n interpretasie-argument van direkte/indirekte Messiaanse verkondiging. Om die beswaar op hierdie manier aan te spreek verskuif die aandag weg van die probleem af. Een van die ernstige besware is dat daar in die Hebreeus tekstmateriaal is wat in die omdigtingsproses verlore gegaan het. Dit is irrelevant of ons in sulke gevalle van die direkte of die indirekte Messiaanse strekking van die Ou-Testamentiese teks uitgaan. Die punt is dat daar van die natuurlike oorspronklike tekstmateriaal in die omdigtingsproses geïgnoreer is, wat (al is dit ook indirek) Messiaanse verkondiging bevat. Van die tekstmateriaal waarop die Nuwe-Testamentiese skrywers hulle dikwels vir die Messiaanse verkondiging beroep het, het die omdigting eenkant laat lê.
- Steeds teenoor die klagte dat die 2001-Omdigting op sekere plekke die bronteks van die Psalms nie waarheidsgetrou weergee nie, verdedig Van Rooy die omdigting met die argument dat hulle die indirekte Messiaanse verstaan van

die bronteks gekies het omrede hulle wil 'begin met wat die Psalm in die oorspronklike konteks wou sê'.

Hierteen is daar enkele besware:

- Veral met verwysing na Psalm 110 en 2 toon Van Rooy aan dat hulle begin het met wat die Psalm in die oorspronklike konteks wou sê. Met die *Adonai/Adoni*-polemie van Psalm 110 as voorbeeld, maak Van Rooy daarop aanspraak dat 'die woord wat met "Here" vertaal is, is nie 'n Godsnaam in die Hebreeus nie. In die Hebreeus staan nie "Adonai" nie, maar "Adoni", 'n woord wat dikwels gebruik word om 'n mens van hoër rang aan te spreek'. Dit is 'n ongeraffineerde stelling. In sy ongevoekaliseerde vorm was die gebruik van hierdie woord vir 'n mens van hoër rang inderdaad maar één van verskeie gebruike van die woord. 'n Konkordansie van die Ou Testament sal 'n mens egter baie gou daarop wys dat die woord *Adonai* in sy ongevoekaliseerde vorm dikwels as 'n soort tweelingterm saam met *Jahwe* in die Ou Testament gebruik word. Dan het ons dit in die 1933-Vertaling met 'HERE, Here' vertaal. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat telkens waar *Adonai* as 'n tweelingterm saam met *Jahwe* gebruik word, dit inderdaad 'n Godsnaam is. Daarby maak Van Rooy die keuse van die vokalisasie *Adoni* – 'n vokalisasie wat die Massorete van die Hebreeuse teks van Psalm 110 gemaak het lank ná Christus, en waarskynlik in reaksie téén Christus. Gesien egter die wyse waarop Christus Self die betrokke teks teenoor die Skrifgeleerdes en Fariseërs gebruik het, sowel as die omringende konteks van die gesprek, en uit hulle reaksie – dat hulle moes begryp het wat Hy sê, is dit eerder korrek om aan te neem dat Jesus die woord *Adonai* in sy tweelingformasie saam met *Jahwe* gebruik het om die goddelike pre-eksistensie van die Messias, nog voorafgaande aan Dawid, aan te toon. Sodoende het die omdigters van die 2001-Omdigting juis nie volledig gehandel volgens die reël om te begin met wat die Psalm in sy oorspronklike konteks wou sê nie, maar hulle geskaar by 'n interpretasie van Massorete etlike jare na Christus!

- Om te begin by die oorspronklike konteks, miskien nader gekwalifiseer: die direkte historiese konteks, is inderdaad 'n belangrike reël vir die verklaring van die Psalmteks. Dit is nie die enigste reël nie. Die sinodes van 1994 en verder het vir hierdie projek twee basiese vereistes gestel: dit moet getrou aan die bronteks wees en dit moet suiwer volgens die belydenis wees. Daar moet dus in die vertaalproses behoorlik verantwoording gedoen word van die kennis van die enkele teks wat vertaal word, maar ook van die boodskap van die hele Bybel. Die verstaan van laasgenoemde twee kriteria is redelik maklik. Dit gaan van die aanvaarding uit dat, indien 'n mens so naby en getrou as moontlik aan die bronteks bly, en indien jy vertrou is met die boodskap van die hele Bybel, jy noodwendig ook getrou aan die leer van die Bybel wat in die teks verpak is, sal bly. Enkele redes waarom dit belangrik is dat ons die kennis van die hele Skrif as konteks moet gebruik om enkele tekste waarheidsgetrou te kan vertaal, is:

- Ons kan die regstreekse historiese konteks van die betrokke teks slegs by benadering vasstel.
- Die betrokke Psalms self is in die Ou-Testamentiese godsdiens nie uitsluitlik gebruik met betrekking tot die konteks waarin die Psalm 'oorspronklik' ontstaan het nie.
- Dit was dikwels die geval dat die menslike outeur – psalmdigter, profeet, geskiedskrywer, ensovoorts – woorde geuiter het waarvan die betekenis en die Goddelike boodskap die menslike aspekte asook sy menslike begrip en verstaan daarvan ver te bowe gegaan het.

Bogenoemde redes maak dit onder andere reeds duidelik dat daar oor die algemeen nie volstaan kan word slegs met wat die Psalm in sy oorspronklike konteks wou sê nie – ook al is dit noodsaaklik dat wel daarmee begin moet word.

- Van Rooy het hierdie argument nie maar net in die algemeen gevoer nie, maar spesifiek op die Messiaanse boodskap van die teks betrek. Die hele betoog in die betrokke artikel

aangaande die Messiaanse boodskap van die teks loop daarin uit dat hy vir die 'indirekte Messiaanse' verstaan van die teks kies, soos wat hy dit self in die artikel nader uitgewerk het. Dit doen hy deur 'n bepaalde *beskouing* van die teks te verwoord. Hy gaan van die aanvaarding uit dat óf die teksmateriaal waarvan hy self voorbeelde behandel, in hulle oorspronklike konteks hoegenaamd geen Messiaanse strekking gehad het nie; óf andersins slegs indirekte Messiaanse strekking gehad het in die sin dat dit eers in die Nuwe Testament op Christus toegepas is. Laasgenoemde staan in ander kringe bekend as die sogenaamde 'akkommodasieteorie'.

Hierdie uitgangspunt impliseer dat die werklikheid buite rekening gelaat word dat Christus as die Seun van God die groot Bron en Oorsaak is van sowel die omstandighede as die beleving van die menslike outeurs van die Ou Testament en uiteindelik selfs van die Woorde wat hulle geuiter het en wat opgeteken is. Die oorsprong van die teks is nie slegs tot die direkte historiese ontstaanskonteks bepaal nie, maar lê sover terug as tot in die ewige raad van God. Volgens die Bybel:

- het Christus die voorafgaande tye en geleenthede gereël/geadministreer, wat met sy koms in vervulling gegaan het (Efesiërs 1:7-10).
- is dit sy Gees wat as eintlike Outeur deur die profete aangaande sy koms geprofeteer het (1 Petrus 1:10,11).
- is dit die Gees wat die heilige mense gedryf het om van die Môrester te profeteer (2 Petrus 1:19-21).
- was Christus reeds van die begin af werksaam as die Woord wat in die volheid van die tyd die menslike natuur aangeneem het (Johannes 1:1-14).

Juis hierdie lering bring ons daarby om te verstaan dat die Ou Testament in geheel Messiaans is. Ons predik Christus vanuit die Ou Testament omdat Hy reeds daar-in is, en nie omdat ons dit op Hom van toepassing maak nie. Nie omdat die Nuwe-Testamentiese skrywers die Ou Testament op Christus toegepas het nie, maar omdat Christus hulle daarop gewys het dat die Ou Testament van Hom getuig. Om Christus vanuit die Psalms te verkondig is nie iets wat ons aan die Psalms moet doen om dit reg te

kry nie, dit is nie 'n teoloog se werk om Christus daarin te probeer kry nie, dit is 'n saak van die verligting van die Heilige Gees wat ons laat raaksien dat Christus reeds in die Psalms aanwesig is, sodat dit waarheidsgetrou is wanneer ons Hom daaruit verkondig.

## Ander kontekste

Daar is nog ten minste twee ander kontekste wat relevant is vir die omdigting, naamlik die kontekste van die Nuwe-Testamentiese kanon en van die Nuwe-Testamentiese kerk.

### *Die Nuwe-Testamentiese kanon*

Die feit dat die Nuwe-Testamentiese openbaring Goddelike gesagvolle data, wat reeds in die Psalms aanwesig was, onthul het deur die sluier van onkunde waarmee die Ou-Testamentiese gelowiges daarna gekyk het af te haal<sup>2</sup>, word verbygegaan as volstaan word met die reël dat met die oorspronklike konteks begin moet word. Wie die eenheid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament bely en aanvaar, kan en mag die Ou Testament nie behandel as 'n boek wat in homself afgesluit is of die Nuwe Testament wat uit homself ontstaan het nie – soveel te meer as ons aanvaar dat presies dieselfde Outeur van die Ou Testament sy eie Ou-Testamentiese Openbaring deur die Nuwe-Testamentiese gegewens nader en duideliker verklaar (Hebreërs 1:1,2). Egte wetenskap hou altyd behoorlik rekening met die volledige ontwikkeling wat daar oor die bepaalde wetenskapsveld plaasgevind het. Behalwe dat die Here Jesus die Messias Self is, en die ewige Seun van God wat waarlik Goddelike gesag het om te kan sê wat sy Woord beteken, en behalwe dat die Nuwe-Testamentiese skrywers geïnspireerde getuies was van die Here Jesus, was hulle ook in die ware sin van die woord egte Ou-Testamentici. Ons is geroepe om die allerbeste wyse te vind hoedat ons hulle werk kan begryp, bely en naspreek.

### *Die Nuwe Testamentiese kerk*

Die feit dat die Nuwe-Testamentiese Kerk van die 21e eeu met 'n omdigting van die Psalms bedien word waarin hulle reeds die afgeslote kanon van die Ou en Nuwe Testament as die een Woord van God het, bring mee dat die gelowiges die Psalms as egte Messiaanse en egte Nuwe-Testamentiese liedere ken – liedere

waarin die voltooides Kanon volledige refleksie vind. Om nou die Psalms op so 'n manier weer te gee asof die data wat daarin verpak is nie ook in die res van die Kanon, en veral ook in die Nuwe Testament voller onthul is nie, maar asof ons dit nog met die sluier oor ons verstande, eksklusief binne die konteks waarin dit ontstaan het moet sing, loop die gevaar om die Nuwe-Testamentiese kerk weer terug te dwing tot die sinagogale erediensinrigting. In hierdie opsig word daar met bepaalde Psalms van die 2001-Omdigting juis nie aan die vereiste van die sinode dat die omdigting ook in ooreenstemming met ons belydenis moet wees, voldoen nie.

## Ten slotte

Beteken dit daarom dat die onderskeid tussen direkte en indirekte Messiaanse verkondiging in die Ou Testament as sulks nie geldig is nie? Nie noodwendig nie. Baie teoloë het reeds op 'n erkende en Bybelse manier probeer om die bedekte wyse waarop Christus in die Ou Testament openbaar is en eers met sy koms ten volle onthul is, te definieer. Hiervolgens het hulle op die onderskeiding tussen direkte en indirekte Messiaanse verkondiging gekom. Daar moet met Van Rooy saamgestem word dat dit 'n onbillike behandeling van die Bybelteks is indien die regstreekse tydgerigte omstandighede waarin dit ontstaan het, verbygegaan word en sonder die berekening van daardie gegewens die betrokke tekste direk as Messiaanse tekste te sien. Dan maak ons ons daaraan skuldig om gegewens wat God Self in sy wysheid goed geag het om in die totstandkoming van die teks te gee, weg te laat. Terselfdertyd is dit onaanvaarbaar wanneer dieselfde teksmateriaal nie verder gesien word soos wat dit verdere refleksie in die Ou en die Nuwe Testament vind nie. Daarom bly daar, met die oog op die Nuwe-Testamentiese gemeentesang die eenvoudige vereiste by die omdigting van die teks: die bronteks self moet so waarheidsgetrou as moontlik in die omwerking gereflekteer word.

2. 2 Korintiërs 3:14-16 'Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem.'

# Na bange tyd van somerdroogte?

## Die probleem

Totius begin sy beryming van Psalm 65 met die vermelding van 'n droogte:

'Na bange tyd van somerdroogte is daar die uitkoms weer!'

Van die begin af het Totius kritiek op hierdie eerste vers gekry. Die kritici meen: Van 'n droogte lees ons niks in die eerste verse van Psalm 65 soos dit in die Bybel staan nie. Trouens, die hele Psalm gebruik nie die woord droogte nie.

## Totius verantwoord hom

In die argief in Potchefstroom is ook Totius se handgeskrewe manuskripte van sy Psalmberyming. Wat hierdie manuskripte so belangrik maak, is die feit dat Totius aantekeninge daarby gemaak het. Daarin verantwoord hy hom oor spesifieke berymings.

Dit geld ook van Psalm 65:1. Totius het in rooi die volgende daarby geskryf: 'Ps. 65 besing die uitkoms wat die Here gegee het na swaar droogte. Dit word te veel uit die oog verloor, veral weens ons gebruik om net enkele verse van 'n psalm aan te hef vandaar dat dadelik in die eerste vers van die beryming van "lang droogte"<sup>1</sup> gemeld word, hoewel dit eers later in die psalm uitdruklik ter sprake kom en in die begin net onderstel word (vgl. A. Noordzij). Deur die hoofgedagte by elke vers voor te hou, win die psalm aan diepte en rykdom.'

Die vraag is: Is Totius reg met sy verantwoording; vers 1 berym soos hy dit doen? Om hierdie vraag te kan beantwoord, moet ons die Psalm gaan uitlê.

## Levitikus 26

Levitikus 26 is van kardinale belang om Psalm 65 reg te verstaan. In Levitikus 26 lees ons van die seën en die straf van die verbond. Die HERE

belowe sy seën as Israel sy verbond hou: 'As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee' (verse 3,4). Andersyds (verse 19,20) dreig die HERE met sy vloek as hulle sy verbond verbreek: 'En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie'. As die volk nie luister na sy verbond nie, sal die HERE hulle onder andere met *droogte* straf. In Levitikus 26:40,42 sê die HERE verder: As Israel sy ongeregtigheid bely, sal Hy dink aan sy verbond. Dit beteken in die lig van die vorige paragraaf: seën (reën) in plaas van vloek (droogte).

In Psalm 65 kom al hierdie dinge waarvan Levitikus praat, terug. So hoor ons in Psalm 65:4 van die Psalmdigter se verbondsbreuk: 'Ongeregtige dinge het die oorhand oor my gehad'. Dit (ongeregtige) is dieselfde woord as wat in Levitikus 26:40 met 'ongeregtigheid' vertaal word. In dieselfde vers praat die Psalmis ook van sy 'oortredinge'.

Verder doen die digter van Psalm 65 in vers 4 wat Levitikus 26:40 leer: Hy bely sy ongeregtigheid. Daarop het die HERE se antwoord nie uitgebly nie: 'Vreeslike dinge antwoord U ons in geregtigheid ...' (Psalm 65:6). Ons kan dit ook vertaal: 'Met gedugte dade antwoord U ons in geregtigheid'. Met 'geregtigheid' word bedoel: die verbondstrou van die HERE. Die HERE is trou jeens sy afsprake in die verbond. Hy gee seën by gehoorsaamheid, vloek by ongehoorsaamheid, heil by verootmoediging en bekering (Levitikus 26, Deuteronomium 28).

Die 'vreeslike dinge' of gedugte dade slaan op die verlossingsdade van God. Die 'vreeslike dinge' word

dikwels saam met die magtige dade en tekens genoem wat die HERE gedoen het toe Hy Israel uit Egipte gelei het (vergelyk Deuteronomium 10:21: 'Hy is jou lof, en Hy is jou God wat hierdie groot en vreeslike dinge wat jou oë gesien het, aan jou gedoen het'; 2 Samuel 7:23: 'en om groot dinge te doen vir hulle en vreeslike dinge aan u land voor u volk uit wat U verlos het vir U van Egipte, van die heidene en hulle gode'; Psalm 106:22: 'wonders in die land van Gam, vreeslike dinge by die Skelfsee'). Totius berym die 'vreeslike dinge' daarom tereg met 'reddingsdade': 'U antwoord ons in reddingsdade: gedug is u in mag.'

Die res van die Psalm laat ons sien waarin die vreeslike dinge of reddingsdade gesien kan word: reën en vrugbaarheid (verse 10-14). Die uitkoms leer ons ook wat die straf was: droogte. Reeds uit hierdie paar opmerkings kan ons sien hoe reg Totius is met sy 'Na bange tyd van somerdroogte is daar die uitkoms weer!'

## Die gelofte-offer

Psalm 65:2-5 in die 1953-vertaling lui: 'Aan U kom 'n lofsang toe, o God, in Sion, en aan U moet die *gelofte betaal* word. o Hoorder van die gebed, tot U moet alle vlees kom! Ongeregtige dinge het die oorhand oor my gehad, maar U *versoen* ons oortredinge. Welgeluksalig is hy wat U uitkies en laat nader kom, dat hy kan woon in u voorhowe. Ons wil *versadig word* met die *goeie* van u *huis*, die *heiligheid* van u *paleis*'. 'n Paar sleutelwoorde is gekursiveer. Al hierdie woorde verwys na 'n sekere soort offer: die gelofte-offer.

As 'n Israeliet in die nood was – dit kon 'n *droogte* wees, 'n *vyand*, of iets anders – het hy 'n gelofte gedoen. Dan het hy belowe: As God verlossing bring, sal hy aan die *Hom* 'n gelofte-offer bring. Hy was



ook verplig om dit te doen, om sy geloftes te betaal. As u dit weet, word Totius se vers 1 vir u duidelik:

'Na bange tyd van somerdroogte is daar die uitkoms weer!

Nou pas dit ons op Sionshoogte U lof te sing, o HEER!

Nou sal hul aankom uit die stamme; geloftes word betaal, die offerdier rook in die vlamme, uit verste veld en kraal.'

So 'n gelofte het ook gepaard gegaan met gebed en skuldbelydenis. Ons hoor van beide in hierdie Psalm, want in vers 3 beskryf hy God as 'Hoorder van die gebed' en in vers 4 bely hy sy skuld.

Hoe skitterend word skuldbelydenis en gebed nie in hierdie woorde van Totius verwoord nie:

'Dis waar, 'n donker skuldverlede leef in ons heugenis (skuldbelydenis); maar al ons ongeregthede word deur U uitgewis. Welsalig wie in skuld verlore, versoeningswoord hoor ruis.'

Psalm 116 is ook 'n Psalm by 'n gelofte-offer. Die 1953-vertaling vertaal Psalm 116:13,14 as volg: 'Ek sal die beker van verlossing opneem en die Naam van die Here aanroep. My geloftes sal ek aan die Here betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk'. Hoor net hoe mooi Totius verskillende elemente in verband met die gelofte-offer (nood, gelofte, betaal) in Psalm 116:8,9 verwoord:

'Al my geloftes, uitgespreek in nood, sal ek betaal as ek voor U mag nader ... bring ek die offers, aan U toegeseg.' (AHB – belowe).

In die Ou Testament hoor ons van verskillende soorte offers: skuldoffers, sondoffers, brandoffers, vredesoffers, ensomeer. Die vredesoffers is nog weer verder verdeel in drie soorte: vrywillige offers, lofoffers en gelofte-offers. 'n Gelofte-offer was dus 'n vredesoffer (Levitikus 3; 7:16).

As ons dit weet, dan is dit nie moeilik om te verstaan wat so 'n gelofte-offer beteken het nie. Die vredesoffer het geleer: daar is vrede tussen God en sy volk. Vrede is in die Bybel die teenoorgestelde van toorn en straf. Vrede beteken dat die verhouding tussen God en sy volk herstel is. Ons kan gerus ook maar sê: Die offer

is die geheim van die vrede. Dit bring die vrede. In vers 4 lees ons: 'Ongeregtige dinge het die oorhand oor my gehad, maar U versoen ons oortreding'.

Die Psalm laat nog meer van die kenmerkende, die eie van die vredesoffer sien. In vers 5 sê die digter: 'Ons wil versadig word met die goeie van u huis, die heiligheid van u paleis'. As ons die woord 'versadig word' hoor, dan dink ons aan eet. Hierdie 'versadig word' moet ons so letterlik as moontlik opvat. Dit was naamlik 'n kenmerk van die vredesoffers – in teenstelling met die ander offers – dat die persoon wat die offer gebring het, 'n gedeelte daarvan kon eet. Die 'goeie' en die 'heiligheid' waarmee die digter versadig wil word, is die vredesoffer. Dit het aan 'n vredesoffermaaltyd gebeur.

So 'n maaltyd is ook nie somer op enige plek gehou nie, maar by God se woning (Levitikus 3; 7:11-27). Die digter sê: 'Ons wil versadig word met die goeie van u huis, die heiligheid van u paleis'. Met die huis of paleis word bedoel: die tabernakel of tempel, die woning van die HERE. Die maaltyd is dus genuttig in die teenwoordigheid van God, voor sy aangesig. Hy was ook Self die Gasheer, want die gedeelte van die offer wat die Israëliete geëet het, het hulle uit sy hand ontvang.

Nou moet ons weet dat 'n maaltyd in die ou Ooste 'n besondere betekenis gehad het. Dit het die vrede tussen die tafelenote afgebeeld. In hierdie geval is dit die HERE en die Israëliete.

Daar sit nog 'n ryker simboliek in hierdie eet voor die aangesig van die HERE in sy tempel. Hier het ons sekerlik 'n heenwysing na die volkome herstellende gemeenskap met God in die paradys wat kom.

Hoor nou hoe mooi Totius dit alles vaslê in vers 3 van sy beryming:

Ons sal ons in u huis versadig met hoogste gunsbewys: met heil'ge goed wat U milddadig laat stroom uit u paleis.

## Psalm 65, Christus, die Nuwe Testament

Elkeen van die baie soorte offers in die Ou Testament belig 'n bepaalde

kant van die groot offer van Christus aan die kruis. Dit geld ook van die vredesoffer. Christus is ons vrede, sê Paulus (Efesiërs 2:14). God het deur Christus alles met Homself versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis (Kolossense 1:20).

Ook ons ken 'n vredesoffermaaltyd: die nagmaal. Ook ons eet by dié tafel. Ons word versadig met die brood en die wyn, die liggaam en die bloed van Christus. Ons nagmaalsformulier noem Hom 'n spys en drank van die ewige lewe'. Hy is ons vredesoffer. Dit is vir ons die goeie, die heiligheid van God se paleis. Danksy sy kruisoffer mag ons by die nagmaal saam met God aansit en hier word ons verseker van die vrede met God.

Dit is egter nie al nie. Aan die nagmaal gaan die vensters na die toekoms vir ons oop. Die nagmaal is niks minder as 'n heenwysing na die bruilofsmaal van die Lam nie. Die nagmaal verkondig die volkome vrede wat kom, die lewe vir ewig saam met God in sy salige teenwoordigheid as heerlike vrug van die vredesoffer van Christus. In die Nuwe Testament word die toekomstige vreugde van God se verlostes geteken as die viering van 'n feestelike maaltyd (Matteus 8:11; Matteus 22:1,10,11; Openbaring 3:20).

Dit is wonderlik mooi om te sien hoeveel ooreenstemming daar tussen ons nagmaalsviering en die vredesoffermaaltyd van Psalm 65 is. Ook by ons nagmaalsviering ontbreek die skuldbelydenis nie. Gaan lees gerus maar die nagmaalsformulier. Daar hoor ons dat ons in die selfondersoek voor die nagmaal moet nadink oor ons sonde en vervloeking; en, sê die formulier, as ons na die tafel toe kom, bely ons dat ons deur ons misdade dood is en dat ons die vrede met God buite onself in Christus soek. Ook die gebed ontbreek nie by ons nagmaal nie. Voor en na die nagmaal word in die formulier gebid en gedank vir die vrede in die bloed van Christus.

Daar bestaan geen enkele twyfel dat Totius se beryming van Psalm 65 Skrifgetrou is nie.

1. In sy eerste beryming van Psalm 65 het Totius nie 'bange tyd' nie, maar 'lange tyd'.



# Geskiedenisles

## Lees: Psalm 78:1-11, 67-72

*'n Onderwysing van Asaf. My volk luister na my onderrig; neig julle oor tot die woorde van my mond. Ek wil my mond open met 'n spreuk, raaisels uit die voortyd laat stroom (Psalm 78:1-2).*

Psalm 78 is 'n onderwysing, 'n leergedig. Dit gaan oor gebeurtenisse in die voortyd, vanaf Israel se verblyf in Egipte tot en met Dawid, die herder-koning (vergelyk Johannes 10:11). Die nasie waaroor hy regeer het was tegelykertyd die kerk van die komende Christus. Die digter en die Heilige Gees wat hom inspireer, gee les in kerk- en vaderlandse geskiedenis.

God se volk van alle lande en in alle tye moet luister. Neig julle oor tot die woorde van my mond, sê die HERE (Deuteronomium 32:1-2; Palm 49:2). Luister aandagtig. Neem my les ter harte en dra dit van geslag tot geslag oor, aan elke volgende generasie.

Die HERE se geskiedenisles bestaan nie uit 'n opsomming van droë feite en jaartalle nie. Nee, ons God dring deur tot die raaisels (Palm 49:5; Spreuke 1:6), dit is die verborgenhede, die agtergronde van wat geskied, die beginsels wat die doen en late van mense, kerkgroepe en volke beheers.

Die Here Jesus sluit in sy gelykenis-of raaiselprediking by Psalm 78 aan. Ook Hy verkondig die agtergronde van die gebeurtenisse wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af (Matteus 13:34-35).

Met hierdie raaiselprediking maak ons Verbondsgod en die Heiland skeiding tussen gelowiges en ongelowiges (Genesis 3:15). Ongelowiges hoor altyddeur, maar verstaan nie (Jesaja 6:9). Hulle merk die diepste dryfvere in die geskiedenis nie op nie. Waar daar geen ware geloof is nie, ontbreek geloofsinsig en historiese besef.

Die gelowiges se oë gaan daarenteen deur die verliggende

werking van die Heilige Gees oop. Hulle gewaar al hoe meer die dinge wat die blote oog nie kan sien nie (Hebreërs 11:1), die goue draad in die geskiedenis en die lewensooruigings wat mense en volkere aandryf, soms sonder dat die mense en volke dit besef. Diegene wat die Woord gelowig aanneem begin om die geskiedenis te verstaan. Hulle bid en werk om al dieper te mag verstaan en aanvaar dat daar in hierdie bedeling onbeantwoorde vrae oorbly, raaisels wat in hierdie eeu nie opgehelder sal word nie.

In die geskiedenisles van Psalm 78 vestig die HERE die aandag eerstens op sy roemryke dade, sy mag en sy wonders. Die lied gee getuienis van wat ons God spesiaal vir sy volk gedoen het. Hy wat in die môrestond van die skepping gespreek het en dit was, wat gebied het en dit staan (Palm 33:9) – Hy het dieselfde skeppingskragte by die verlossing van sy volk uit Egipte, die slawehuis, en gedurende die woestynreis geopenbaar.

Wie sy hand ook in die land se kerk- en vaderlandse geskiedenis sien, prys die HERE om sy grootheid (Deuteronomium 32:3), stel sy vertrou op Hom en is daarvan versekerd dat geen skepsel, geen wêreldmag, geen duiwel, geen valse profeet ons sal kan skei van sy liefde nie (Romeine 8:38-39).

Psalm 78 leer ons verder dat die genadeverbond uit twee dele bestaan: beloftes en eise. Die HERE vervul sy beloftes nie om ons verdienste nie, maar alleen uit genade. Diegene vir wie Hy sy beloftes vervul, dra vrug. Hulle begin in sy krag voldoen aan die verbondseis, die wet, ten spyte van sondigheid en swakheid wat in hulle oorbly. God se wet gee kennis van sonde en lei ons in die nuwe lewe. Die wet is die maatstaf, die norm waarvolgens die gelowige sy eie lewe sowel as gebeurtenisse uit die verlede en in die hede kan beoordeel. Sonder wetskennis is

sondebesef, 'n nuwe lewenswandel en suiwer beoordeling van wat geskied, onmoontlik. Daarom beveel die HERE ons om sy verbondseis by die nageslag in te skerp (Deuteronomium 6:7).

In sy geskiedenisles stel ons Verbondsgod ook voorbeelde. Hy gee navolgenswaardige voorbeelde soos die gelowiges in Hebreërs 11 en roep ons op om hulle in ander omstandighede in dieselfde geloof te volg (Hebreërs 13:7). Hou, soos hulle, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof (Hebreërs 12:2).

Die HERE hou ook waarskuwende voorbeelde aan sy volk voor. Die stam Efraim het die ketting van seëninge waarmee God hom oorlaai het, volhardend verbreek. Hulle het die verbond van God nie gehou nie en geweier om te wandel in sy wet. Die afvallige Efraim het sodoende die verbondswraak, die verdoemende oordeel, deelagtig geword.

Die geskiedenis van Efraim bevat 'n waarskuwing aan ons wat in die laaste dae lewe, op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Korintiërs 10:6,11). Die HERE sê: My volk, volg julle voorouers nie in die kwaad nie (Psalm 95:8; Deuteronomium 9:7; Sagaria 1:4) sodat julle nie saam met verkeerde voorgeslagte ten gronde gaan nie.

Efraim kon egter in sy afval nie God se kerkvergaderende werk verydel nie. Die slot van Psalm 78 sing van die HERE wat volgens sy ewige besluit in die tyd uitverkies en verwerp. Hy verwerp die tent, die tabernakel van Josef wat in Silo, Efraim se grondgebied gestaan het, laat sy ark in ballingskap gaan (1 Samuel 4) en verkies die berg Sion, waarop Hy sy heiligdom bou (1 Konings 6). Sy kerkwerk gaan deur. Die HERE verwerp die stam Efraim en Hy verkies 'n skaapwagter uit Juda, Dawid, om sy volk, sy erfdeel op te pas.

Wie God se geskiedenisles leer, gee aandag aan sy magtige dade, sy

heerlike wet, die navolgenswaardige voorbeelde in die geskiedenis van die kerk en die koninkryk van God. Koninkryke het gekom en gegaan, terwyl Christus se kerk en koninkryk voortbestaan van geslag tot geslag. Ons God wat verkies en verwerp is onoorwinlik.

Die geskiedenisles van Psalm 78 maak die gelowige nederig. Daar kom geen lof aan mense toe nie, maar alleen aan die HERE wie se werke van verlossing nie tot niet gemaak kan word nie. Aan Hom is ons dank en eerbetoon verskuldig. Want uit Hom (uit sy ewige besluit,

sy welbehae) en deur Hom (deur sy skeppings-, verlossings-, en gerigsdade) en tot Hom (tot sy eer) is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid (Romeine 11:36).

Persskou

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

## Mis-daad is misdaad

In die Kanadese Gereformeerde tydskrif *Clarion* van September 2006 skryf dr HN Gootjes, rektor van die Teologiese Skool van die Kanadese Gereformeerde Kerke, oor die voortdurende en toenemende strydgesprek rakende die heilige nagmaal en die Roomse mis. 'n Verkorte Afrikaanse weergawe van sy artikel lees soos volg:

*Baie mense is nie meer gemaklik met die belydenis (Heidelbergse Kategismus Sondag 30, vraag en antwoord 80 - GJM) dat die Roomse mis vervloekte afgodery genoem word nie. Die vraag het al meermale en op verskillende wyses opgekom of so 'n skerp bewoorde belydenis, wat sy ontstaan in die hitte van die debat tussen die Rooms Katolieke en die Reformatore baie eeue gelede gehad het, vandag nog net so onveranderd kan bly staan. Is dit nodig dat so 'n rigoristiese stelling steeds deel van ons hedendaagse belydenis is, terwyl die tyd waarin mense ter wille van hulle geloof vervolgd is, iets van die verre verlede is? Benodig ons werklik so 'n lang verduideliking en verwerping van die Roomse mis in die kategismus, of kan dit by wyse van 'n voetnoot ondervang word? Wat moet ons in praktyk met so 'n skerp uitgesproke stelling maak?*

*Die Roomse Kerk leer oor die mis dat Christus – nadat die brood en wyn geseën is – waarlik, werklik en substansieel in die tekens van brood en wyn teenwoordig is. Om dit nog duideliker te stel, voeg die amptelike dokumente van die Roomse Kerk daaraan toe: 'Indien enigiemand ontken dat die liggaam en bloed – tesame met die siel en goddelikheid – van ons Here Jesus*

*Christus, en daarom die hele Christus waarlik, werklik en substansieel in die sakrament van die heilige mis vervat is, maar sê dat Christus alleen figuurlik of deur sy krag in die sakrament teenwoordig is: laat hom 'n vervloeking wees'. Die bedoeling van hierdie verklaring is duidelik. Dit wys dat die Roomse Kerk van destyds en van vandag steeds by die sogenaamde transsubstansiasieleer staan. 'n Substansiële verandering van brood en wyn vind plaas wanneer die mis bedien word.*

Met betrekking tot die viering van die Roomse mis in ons huidige tydsgewrig skryf dr Gootjes:

*Ons was met 'n familievakansie in Quebec. Dáár word die transsubstansiasieleer in 'n Roomse omgewing ten volle voorgestaan. Maar wat opmerklik is, is die ontwikkeling wat in die leer plaasgevind het. Nuwe gedagtes is daaraan toegevoeg. Die eerste stap, naamlik dat Jesus Christus werklik in die hostie (gewyde nagmaalbrood) teenwoordig is, lei tot 'n tweede stap, naamlik dat Jesus Christus persoonlik teenwoordig is wáár die hostie ook al bedien word. Die hostie verteenwoordig Christus. Hierdie leer van Christus se werklike teenwoordigheid in die elemente van die nagmaal is só belangrik dat Christus se werklike teenwoordigheid selfs die groot verskil tussen Rooms Katolisisme en Protestantisme genoem is. Roomse christene moet Christus in besonder in die hostie aanbid, omdat Hy daarin in sy krag teenwoordig is.*

*Dit lei tot 'n uitsonderlike nuwe vorm van aanbidding van Christus, naamlik: 'spandeer 'n uur om*

*saam met Jesus te wees'. Mense word aanbeveel om 'n uur in die teenwoordigheid van die hostie deur te bring. Wanneer 'n uur saam met Jesus in die vorm van die hostie spandeer word, tel dit vir 'n goeie werk. Trouens, dit is só 'n goeie werk dat dit tot die vergewing van 'n groot hoeveelheid sondes lei. Dit word deur die volgende skokkende stelling van 'n sekere Vader Donald Arsenault beaam: 'Jesus benodig die gawe van jou uur om siele te red'. Jesus Christus word nie meer gereken as die enigste Middelaar wat vir almal wat in Hom glo vergewing van sondes bring nie. Inteendeel, Hy benodig die ondersteuning van gelowiges sodat genoeg goeie werke bymekaar gemaak kan word ten einde sondaars te verlos. Verlossing van sondaars word met die hulp van gelowiges in samewerking met Jesus Christus verkry. Veral mense wat genoeg tyd het, word aangemoedig om ekstra ure saam met Jesus te spandeer. Afgetrede mense, senior burgers en werklose mense word opgeroep om tyd saam met Jesus in die sakrament deur te bring. As hulle dit doen, dra hulle by tot die verlossing van baie mense.*

*Die nagmaal van die Here is dus nie meer God se genadegawe waardeur Hy ons geloof versterk nie. Die aanbidding van die hostie word 'n geleentheid vir die mens om Hom edelmoedig voor God te wees. Die sakrament is verander in 'n voertuig waardeur ons goeie werke vir God kan doen sodat ons kan bydra tot die saligheid van vele.*

Dr Gootjes se slotopmerking:

*Die kategismus wys hoe groot die verskil tussen die Rooms Katolieke*

en die gereformeerde leer oor die nagmaal is. Dit blyk egter dat die gaping sedert die opstelling van die kategismus alleen maar groter geword het.

Nie net in Kanada nie, ook in Suid-Afrika word die noodsaak van die slotwoorde van vraag en antwoord 80 bevraagteken. In soeke na kerklike eenheid word die skerp rante sover moontlik afgeslyp. Die motto vir die skep van 'n samewerkings-atmosfeer is: moet niks aanstootliks vir of oor iemand anders sê nie; vermy konflik.

Tog is bogenoemde nie alleen van toepassing op die gesprek oor die mis en die heilige nagmaal nie. Nagmaal as sodanig kan in 'n onheilige handeling ontaard as dit alleen maar te doen het met 'n sogenaamde oomblik van mistieke eenheid tussen die verlose en sy/haar Verlosser. Uit die doen en late van menige lidmaat wil dit voorkom asof dié ontaarding nie net 'n gedagteskim is nie. Dit is 'n tragiese werklikheid. Heelwat lidmate vier klokslag nagmaal, maar kom andersins nooit of amper nooit in die erediens nie. Nagmaal is dus bo Woordbediening verhewe. Om die kroon te span sal sommige nagmaalvierders sover gaan om die sakrament te gebruik en onmiddellik daarna die erediens te verlaat – sonder om by te wees as die res van die gemeente die nagmaal van die Here vier, en sonder om die verloop en afloop van die erediens mee te maak.

Tereg bely ons dat die mis in wese niks anders as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus is nie, en daarom as vervloekte afgodery bestempel word. Die mis-daad is misdaad teen God. Maar in gelyke mate is sondige gebruik van nagmaal, soos hierbo aangetoon, misdaad teen God. Nagmaal kan net so goed vervloekte afgodery word. Wie met die volle rykdom in Christus geen erns maak nie, eet en drink 'n oordeel oor homself. Daardie oordeel is vervloeking – in plaas van seën.

## Byeenkoms VGL

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om Saterdag 3 Maart 2007 'n byeenkoms te hou. Tydens die byeenkoms gaan op *Heilshistoriese Skrifverklaring* gefokus word. Die bedoeling is om 'n oop gesprek oor die belang van heilshistoriese verklaring van die Skrif in die onderwys sowel as in ons kerk-wees (onder andere prediking en katekisasie) te voer. Omdat die heilshistoriese verklaring van die Skrif alles met die verstaan en toepassing van die Skrif te doen het, het elke lidmaat belang by hierdie gesprek.

### PROGRAM

08:00 – 08:30

Verversings en registrasie

08:30 – 09:00

Opening en inleiding

09:00 – 10:00

Heilshistoriese Skrifverklaring in die klaskamer

Spreker: mev Alieske Drijfhout

(onderwyskundige)

Bespreking

10:00 – 10:45

Pouse

10:45 – 12:30

Heilshistoriese Skrifverklaring op die kansel en in die katekisasie

Spreker: Prof Victor d'Assonville (emeritus)

Bespreking

12:30

Afsluiting

### PLEK

Gereformeerde Kerk Pretoria – Die Kandelaar, h/v Codonia & Dickensonlaan, Waverley

### KOSTE

Om die onkoste te delg, word R30,00 registrasiefooi gehef.

### KONTAKPERSOON

Mev. Joke de Wind – tel. 012 332 4676 (e-pos: [jokedewind@gmail.com](mailto:jokedewind@gmail.com)). Laat weet asseblief voor/op 24 Februarie 2007 indien u die byeenkoms gaan bywoon.

# Aartappel-geloof

Dr Chris Saayman gee in die Internet-tydskrif Vox Viva van Desember 2006 sy indrukke oor die rolprent 'Faith like potatoes' weer.

*"Faith like potatoes" is die titel van 'n plaaslik-vervaardigde rolprent wat onlangs landswyd in teaters begin draai het. Dit is gebaseer op die ware verhaal van die wedervaringe van ene Angus Buchman en sy gesin wat vroeër ook as outobiografie in boekvorm (met dieselfde titel) verskyn het. Regardt van den Bergh het Buchman se verhaal in 'n rolprent omskep.*

*Angus Buchman het aanvanklik in Zambië geboer, maar vanweë allerlei faktore moes hy sy boerdery tot niet maak en het hy en sy*

*gesin na Suid-Afrika gegaan om in Natal 'n nuwe boerdery in die omgewing van Greytown op die been te bring. Hy was 'n onverskillige tipe mens, vol rassehaat en oorgegee aan drankmisbruik wat tot huwelikspanning gelei het. Op die uitnodiging van vriende, beland Angus en sy gesin egter in 'n kerkdiens van die Metodistekerk, waar hy op die appèl van die predikant reageer, vorentoe stap en tot bekering kom. Sy lewe verander merkbaar en hy word 'n lewende getuie vir Christus en 'n leke-prediker. Hy staan bekend as 'n "man van geloof." Onder andere bid hy vir 'n vrou wat deur weerlig doodgeslaan is en sy word uit die dood opgewek. Die geseënde verhouding tussen Angus en sy swart naaste, wat die gevolg is van sy geloof in Christus, dra 'n kragtige en hoopvolle boodskap uit. Droogte tref egter die gebied en niemand kan aartappels plant nie. Angus besluit egter om in die geloof te waag en te plant. Dwaarsdeur die tydperk wat die aartappels moes groei bly die reën weg, maar toe dit oestyd word, oes Angus pragtige aartappels – 'n wonder van Bo! Voorwaar 'n getuie wat 'n diep impak op die kyker maak.*

Dr Saayman gee die volgende kommentaar:

*Van den Bergh se inisiatief, waagmoed en passie om die evangelie op hierdie wyse te verkondig, is prysenswaardig. Sonder twyfel sal die rolprent ook seën tot gevolg hê.*

*Gereformeerde gelowiges, wat na die rolprent gaan kyk, behoort egter fyn te let op die teologiese beklemtonings, wat afwyk van die wyse waarop die Skrif en gereformeerde belydenis die evangelie aan die orde stel. Die rolprent lê klem op die volgende teologiese bakens: Bekering volgens die tipiese metodistiese patroon van 'n emosionele sondebefes gevolg deur 'n "altar call", die vorentoe-stap van die bekeerling en die nasé van 'n "sondaarsgebed". Omdat die*

*Arminianisme hand aan hand loop met die Metodisme, is die klem wat daarop gelê word dat Angus gered is ómdat hy 'n besluit geneem het, geen verrassing nie. Die fokus word dus baie duidelik verskuif wêg van Christus se verlossingswerk ná die menslike aktiwiteit wat die éintlike verlossing bewerkstellig. Hieruit volg vanselfsprekend die hoofklem van die rolprent: Angus se geloof – wat wonderlike doen en berge versit. Die boodskap is duidelik: Wie só kragtig kan glo soos wat Angus doen, sal groot dinge beleef. Die gelóóf is die krag wat alles vermag. By die Skrif se fokus op God se genadige belofte wat alles vermag, en wat dankbaar geglo mag word, gaan die rolprent tragies verby. Dat die geloof – volgens die Bybel, leeg en bankrot is, word verswyg. Dalk is dit nie dramaties genoeg nie.*

*Die verband wat die fliëk lê tussen geloof en wonderwerke is ook 'n klem wat nie misgekyk mag word nie. Dooies word lewendig. Aartappels word uit droë grond goeos. By diegene wat wáárlík gló, moet dit só wonderlik gaan – aldus "Faith like Potatoes". Hoe moedeloos verlaat sommige fliëkgangers nie die teater nie! Die verlamme besef van: "hoe gaan ek myself op só 'n vlak van geloof kry? Hoe hard moet ek nog probeer? Ek slaag nie. Ek is onderdeur!" Dit is wat gebeur wanneer die fokus weggeskuif word ván God se verlossing ná die vrome méns. Die ware troos van die evangelie – dat God geen "vlak van geloof" eis nie, maar mense uit vrye genade eiehandig ingesluit het by Christus se dood en opstanding en dat dít die ware krag is, word deur die fliëk vir kykers versluier en word die ware Skriftuurlike rus en heilsekerheid sodoende vernietig.*

*Indien die kyker waaksaam is vir hierdie onbybelse beklemtoning, kan die fliëk egter tog sinvol geniet word en kan die eer aan die Hére gegee word vir die wonders wat Hy in en deur Angus Buchman gedoen het.*

*Met hierdie kommentaar kan ten volle ingestem en volstaan word.*

## VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: Waarheid en Dwaling  
Dr GJ Meijer  
Ds HLJ Momberg  
Dr HS van der Walt  
Mev J de Wind  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 4676  
e-pos: gerardjmeijer@gmail.com  
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:  
Mev Hanneke Das  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 331 4733 (na 14:00)  
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za  
Faks 012 335 9135

Intekengeld:  
R140 per jaar en addisionele bydraes  
kan inbetaal word by:  
Waarheid en Dwaling  
Spaarrekening 9054701904  
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:  
Printburo  
Posbus 25316  
Gezina, 0031